

DIE BURGER

Die Kunste

kuns | restourasie | waardasie | teater | musiek | kultuur | literatuur



Fliekervaring
Terug in die
geskiedenis

3

Internasionaal
Oorsese talent
kom gooi 'n
Kaapse draai

23

Beeldhou
Kunstenaars
van formaat

2 & 3

In Memoriam
Hulde aan
Stephan Welz

9

Julie | Augustus 2016
Bemarker: Annelize Bakkes
☎ 021 910 6535 | Foto: VERSKAF

BEELDHOU

Lucas Sithole se beelde reik na miljoen-kerf

Marthinus van Bart

kultuurkroniek@gmail.com

Toe die treffende beeldhouwerk van 'n afrikanerbul deur die Oos-Randse beeldhouer Lucas Thandokwazi Sithole (1931-1994) in Mei 2011 baie amper die R1 miljoen-kerf gehaal het op Strauss & Co se veiling en dit vir R946 900 opgeveel is, het beleggers geweet dat dié kunstenaar se werk nog 'n uitstekende belegging in die toekoms gaan wees.

Stormende afrikanerbul van 1967, in ysterhout, 64 cm x 98 cm x 56 cm, is in 1968 op die Venesiese Biënnale in Italië ten toon gestel.

Sedertdien is dié rekordprys vir sy beelde nog nie weer geëwenaar of oortref nie, maar dan kom sy kuns ook nie gereeld aan die bod nie.

Om beleggers verder te help met die identifisering van Sithole se werke, is 'n inventaris van honderd van sy beelde onlangs in Switserland opgestel en in hardeband uitgegee.

In November verlede jaar het Strauss & Co in Johannesburg 'n Sithole-borsbeeld van 'n sangoma of toordokter (op die voorblad) uit Swazilandse msimbithi-hout, 76 cm hoog, op veiling vir R480 000 verkoop.

Sithole is in KwaThema naby Springs gebore, en is in Pondoland oorlede. Hy het as jong man by die Polly Street Bantu Men's Social Centre van Cecil Skotness in Johannesburg kunsklasse ontvang. Een van sy mentors was die beeldhouer Sydney Kumalo. Toe Sithole voor sy kunsopleiding as 'n vakleerling klas geloop het by die Vlaktefontein Tegniese Kollege, het hy opleiding in meubelmakery, skrynwerk en sweiswerk ontvang. Sy liefde vir hout het meegebring dat hy hom as kunstenaar op beeldhouwerk in hout gefokus het. Hy het dikwels die land deurkruis op soek na spesifieke houtsoorte wat hy vir sy kuns kon gebruik.

Sithole het ook enkele beeldhouwerke in brons laat giet. Ook het hy heelparty werke uit klip en klei gebeeldhou.

Hy het meer as 800 beelde in sy leeftyd as kunstenaar geskep. Sowat 70 is in Amerikaanse museums of in private besit daar, meer as 40 is in Brittanje, meer as 40 in Switserland en meer as 20 in Duitsland. Die meeste belangrike kuns museums in Suid-Afrika het van sy werke in hul versamelings. Sithole se kunswerke is van 1965 tot 1998 in oorsese en Afrika-tentoonstellings uitgestal.

Die uitsoek van die hout vir die skepping van die borsbeeld van die sangoma, *Witchdoctor* (op die voorblad), in 1981, het met 'n heel eienaardige staaltjie gegaan. Die besondere *Millettia grandis*-bome wat Sithole verkies het om as medium te gebruik, word aan die kusgebiede van die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal aangevul. Die bas van die bome word deur kruidokters gebruik om tradisionele medisyne te maak.

Sithole was indertyd in die Spekboom-gebied van Pongola aan die kus van KwaZulu-Natal om geskikte houtstompe te vind, toe hy 'n sangoma raakgeloop het. Sy lyf en nek was onder meer met slangvel opgetooi. Kort nadat Sithole hom geskets het, het hy op 'n geskikte houtstomp afgekom waaruit hy die borsbeeld van die sangoma met behulp van sy sketse geskep het. Toe hy die borsbeeld byna voltooi het, het hy na die stat gegaan waar die sangoma gewoon het om hom te wys hoe goed hy met die beeld vorder. Die sangoma wou die borsbeeld egter glad nie sien nie. Hy was woedend en het Sithole met die dood gedreig indien hy dit aan hom sou probeer wys. Sithole het dit raadsaam geag om maar in sy voertuig te klim en weg te ry. Die sangoma het die borsbeeld toe ook nooit gesien nie.

Die onheilspellende en karaktervolle gesigsuitdrukking van hierdie borsbeeld is ongewoon by die beeldhouwerk van die meeste etniese Afrika-kunstenaars.

Terselfdertyd kan die werk ook nie as tipies Westerse kuns gekategoriseer word nie. Dit is van 1982 tot 1985 in Galery 21 in Johannesburg ten toon gestel.



Stormende afrikanerbul, 1967, van ysterhout, 64 cm x 98 cm x 56 cm, is in Mei 2011 deur Strauss & Co vir R946 900 opgeveel.

Foto: STRAUSS & CO



Sithole het meer as 800 beelde in sy leeftyd as kunstenaar geskep.